

WEEKBRIEF

12 Maart 2012

Liewe Muis-gesinne,

Ons tema vir hierdie week is boeke. Die muise gaan leer van verskillende tipe boeke wat ons kan kry en ook hoe om ‘n boek te gebruik en hanteer. Liewe ouers, julle kan gerus by die huis ook oor hierdie tema gesels en so ons muise net verder lief maak vir boekies! Ons muise gaan die hele week bou aan hul eie muisboek om die voltooide projek dan Vrydag huis toe te neem.



Uit die woord vertel ons verhale wat handel oor boeke, byvoorbeeld die tien gebooie, Jesus vertel verhale en die skrif teen die muur.

Graag herinner ek ons muisouers aan ons gebedsboksie in die klas. Indien jy die behoefte het aan voorbidding of ietsie op die hart het wat gebed nodig het, skryf dit asseblief op ‘n briefie en plaas dit in die gebedsboksie. Alle briefies kan anoniem wees, of jou naam op hê, net soos jy verkies.

Ons het in die muisklas ‘n lekkertjie houer vir die mammas wat per ongeluk vergeet om Woensdae ‘n lekkertjie in ‘n muismaatjie se kospakkie te pak. So sorg ons dat alle muise gelukkig en tevrede is op lekkertjie dag.

Hierdie muisjuffie vra groot asseblief vir leë eierdoppe, ons voorraad is bietjie min en met die paasfees tema om die draai wil ons dit graag aanvul. Indien daar ‘n paar eierdoppe by jul muishuis rondlê, stuur dit asseblief na die muisklas.

Geniet nog ‘n interessante en leersame week saam met die muise!

Liefdegroete,

Juffie Hester

072 233 3441

MmaLulu

Puku=boek Dipuku=boeke

Puku ye kgolo= groot boek

Puku ye nnyane=klein boek

Nonwane=storie

Letlakala=bladsy Matlakala=bladsye